



Government Gazette Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Vol. 589 Cape Town,
Kaapstad, 1 July 2014

No. 37791

THE PRESIDENCY

No. 526 1 July 2014

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

Act No. 15 of 2014: Restitution of Land Rights Amendment Act, 2014

DIE PRESIDENSIE

No. 526 1 Julie 2014

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

Wet No 15 van 2014: Wysigingswet op Herstel van Grondregte, 2014



AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

- [] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.
- Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.
-
-

(English text signed by the President)
(Assented to 29 June 2014)

ACT

To amend the Restitution of Land Rights Act, 1994, so as to amend the cut-off date for lodging a claim for restitution; to further regulate the appointment, tenure of office, remuneration and the terms and conditions of service of judges of the Land Claims Court; to make further provision for the advertisement of claims; to create certain offences; to extend the Minister’s powers of delegation; and to provide for matters connected therewith.

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 2 of Act 22 of 1994

1. Section 2 of the Restitution of Land Rights Act, 1994 (Act No. 22 of 1994) (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the substitution for paragraph (e) of subsection (1) of the following paragraph:

“(e) the claim for such restitution is lodged not later than **[31 December 1998]** 5
30 June 2019.”.

Amendment of section 6 of Act 22 of 1994, as amended by section 3 of Act 78 of 1996 and section 5 of Act 63 of 1997

2. Section 6 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the deletion in subsection (1) of the full stop at the end of paragraph (f) and the insertion of the expression “; and” at the end of that paragraph;

(b) by the insertion in subsection (1) after paragraph (f) of the following paragraph:

“(g) ensure that priority is given to claims lodged not later than 31 December 1998 and which were not finalised at the date of the commencement of the Restitution of Land Rights Amendment Act, 2014.”; and 15

(c) by the insertion after subsection (1) of the following subsection:

“(1A) (a) The Commission shall establish and keep a Register which shall be known as the National Land Restitution Register. 20

(b) The Commission shall enter into the Register the details of all land restitution claims from the date of the commencement of the Restitution of Land Rights Amendment Act, 2014.

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

- [] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit
 bestaande verordenings aan.
- _____ Woorde met 'n volstreep daaronder dui invoegings in bestaande
 verordenings aan.

(Engelse teks deur die President geteken)
(Goedgekeur op 29 Junie 2014)

WET

Tot wysiging van die Wet op Herstel van Grondregte, 1994, ten einde die afsnydatum vir die indiening van 'n eis om herstel van grondregte te wysig; die aanstelling, ampsbekleding, besoldiging en die bedinge en voorwaardes van diens van regters van die Grondeishof verder te reël; verder voorsiening te maak vir die advertering van eise; sekere misdrywe te skep; die Minister se bevoegdhede van delegering uit te brei; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 2 van Wet 22 van 1994

1. Artikel 2 van die Wet op Herstel van Grondregte, 1994 (Wet No. 22 van 1994) (hierna die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur paragraaf (e) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang: 5

“(e) die eis om sodanige herstel nie later nie as **[31 Desember 1998]** 30 Junie 2019 ingedien word.”.

Wysiging van artikel 6 van Wet 22 van 1994, soos gewysig deur artikel 3 van Wet 78 van 1996 en artikel 5 van Wet 63 van 1997 10

2. Artikel 6 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur in subartikel (1) die punt aan die einde van paragraaf (f) te skrap en die uitdrukking “ ; en” aan die einde van daardie paragraaf in te voeg;

(b) deur die volgende paragraaf na paragraaf (f) van subartikel (1) in te voeg:

“(g) verseker dat voorkeur verleen word aan eise wat nie later nie as 31 Desember 1998 ingedien is en wat, op die datum van inwerkingtreding van die Wysigingswet op die Herstel van Grondregte, 2014, nie afgehandel is nie.”; en 15

(c) deur die volgende subartikel na subartikel (1) in te voeg:

“(1A) (a) Die Kommissie moet 'n register wat as die Nasionale Register op Grondherstel bekend staan, instel en byhou. 20

(b) Die Kommissie moet die besonderhede van alle eise vir die herstel van grond vanaf die datum van inwerkingtreding van die Wysigingswet op die Herstel van Grondregte, 2014, in die Register aanteken.

(c) The Commission shall keep the Register up to date and the Register shall be open to the public subject to the Promotion of Access to Information Act, 2000 (Act No 2 of 2000).”.

Amendment of section 11 of Act 22 of 1994, as amended by section 5 of Act 78 of 1996, section 7 of Act 63 of 1997 and section 4 of Act 18 of 1999

5

3. Section 11 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (1) for the words following paragraph (c) of the following words:

“he or she shall cause notice of the claim to be published in the *Gazette* and in the media circulating nationally and in the relevant province, and shall take steps to make it known in the district in which the land in question is situated.”.

Amendment of section 12 of Act 22 of 1994

4. Section 12 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (5) of the following subsection:

“(5) No claim in respect of a matter contemplated in subsection (4) shall be lodged after the expiry of the period specified in the said notice: Provided that the Commission may allow a claimant on good cause shown, to lodge a claim after the expiry of such period, but not later than ~~[31 December 1998]~~ 30 June 2019.”.

Substitution of section 17 of Act 22 of 1994

5. The following section is hereby substituted for section 17 of the principal Act: 20

“Offences and penalties

17. (1) Any person who—

- (a) contravenes the provisions of section 11(7)(a), (aA), (b), (c) or (d);
- (b) having been directed to appear before a member of the Commission and to produce documents or objects in terms of section 12(1)(c), fails to appear at the specified time and place or to produce such documents or objects;
- (c) hinders or obstructs the Commission in the performance of its functions;
- (d) prevents or attempts to prevent a duly authorised officer contemplated in section 8, or a person or organisation appointed in terms of section 9, from performing a function in terms of this Act;
- (e) prevents, obstructs or unduly influences a claimant or any other person from pursuing his or her rights provided for in this Act, shall be guilty of an offence and liable on conviction to **[a fine or to]** imprisonment for a period not exceeding **[three]** six months or to an appropriate fine determined in terms of the Adjustment of Fines Act, 1991 (Act No. 101 of 1991).

(2) Any person who lodges a claim with the intention of defrauding the state shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine or imprisonment or both, determined in respect of the offence of fraud.”.

Amendment of section 22 of Act 22 of 1994

6. Section 22 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for subsections (3), (4), (5), (6) and (7) of the following subsections: 45

“(3) The Court shall consist of a Judge President and so many judges as may be determined by the President.

(4) The Judge President and judges of the Court, each of whom must be a judge of the High Court of South Africa, are appointed by the President acting on the advice of the Judicial Service Commission. 50

(c) Die Kommissie moet die Register op datum hou en die Register is, behoudens die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet No. 2 van 2000), oop vir die publiek.”

Wysiging van artikel 11 van Wet 22 van 1994, soos gewysig deur artikel 5 van Wet 78 van 1996, artikel 7 van Wet 63 van 1997 en artikel 4 van Wet 18 van 1999 5

3. Artikel 11 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (1) die woorde wat op paragraaf (c) volg deur die volgende woorde te vervang:
“moet hy of sy ’n kennisgewing van die eis in die Staatskoerant en in media wat nasionaal en in die tersaaklike provinsie sirkuleer, laat publiseer en stappe doen om dit bekend te maak in die distrik waarin die betrokke grond geleë is.” 10

Wysiging van artikel 12 van Wet 22 van 1994

4. Artikel 12 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:
“(5) Geen eis ten opsigte van ’n aangeleentheid beoog in subartikel (4) mag ingedien word na verstryking van die tydperk vermeld in bedoelde kennisgewing nie: Met dien verstande dat die Kommissie ’n eiser, indien hy of sy goeie gronde aanvoer, kan toelaat om ’n eis na die verstryking van sodanige tydperk in te dien, maar nie later nie as [31 Desember 1998] 30 Junie 2019.” 15

Vervanging van artikel 17 van Wet 22 van 1994

5. Artikel 17 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang: 20

“Misdrywe en strawwe

17. (1) Enige persoon wat—
(a) die bepalings van artikel 11(7)(a), (aA), (b), (c) of (d) oortree;
(b) gelas is om voor ’n lid van die Kommissie te verskyn en dokumente of voorwerpe ingevolge artikel 12(1)(c) voor te lê, en versuim om op die bepaalde tyd en plek te verskyn of sodanige dokumente en voorwerpe voor te lê;
(c) die Kommissie in die verrigting van sy werksaamhede hinder of belemmer;
(d) ’n behoorlik gemagtigde beampte beoog in artikel 8, of ’n persoon of organisasie aangestel ingevolge artikel 9, verhoed of probeer verhoed om ’n werksaamheid ingevolge hierdie Wet te verrig;
(e) ’n eiser of enige ander persoon verhoed, belemmer in of onbehoorlik beïnvloed in die handhawing van sy of haar regte waarvoor in hierdie Wet voorsiening gemaak word,
is skuldig aan ’n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met [**n boete of**] gevangenisstraf vir ’n tydperk van hoogstens [**drie**] ses maande of met ’n gepaste boete bepaal ingevolge die Wet op die Aanpassing van Boetes, 1991 (Wet No. 101 van 1991). 25
(2) ’n Persoon wat ’n eis indien met die bedoeling om die staat te bedrieg is skuldig aan ’n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met ’n boete of gevangenisstraf of albei, bepaal ten opsigte van die misdryf van bedrog.” 35 40

Wysiging van artikel 22 van Wet 22 van 1994

6. Artikel 22 van die Hoofwet word hierby gewysig—
(a) deur subartikels (3), (4), (5), (6) en (7) deur die volgende subartikels te vervang: 45

“(3) Die Hof bestaan uit ’n Regter-president en soveel regters wat die President bepaal.
(4) Die Regter-president en regters van die Hof moet almal regters van die Hooggeregshof van Suid-Afrika wees en word deur die President, handelende op advies van die Regterlike Dienskommissie, aangestel. 50

(5) When the office of the Judge President of the Court is vacant, or when the Judge President of the Court is temporarily unable to perform the functions of that office for any reason, the longest serving judge of the Court must perform the functions of Judge President of the Court.

(6) The Judge President and any other judge of the Court is appointed for a fixed term determined by the President at the time of appointment and holds office until—

(a) the expiry of the term;

(b) the date the judge ceases to be a judge of the High Court; or

(c) the judge resigns from the Court by giving written notice to the President, whichever occurs first.

(7) The tenure of office, the remuneration and the terms and conditions of service applicable to a judge of the High Court in terms of the Judges' Remuneration and Conditions of Employment Act, 2001 (Act No. 47 of 2001), are not affected by the appointment and concurrent tenure of office of that judge who is appointed as a judge of the Court.”; and

(b) by the substitution for subsection (8) of the following subsection:

“(8) In case of a vacancy in the office of the Judge President or judge of the Court or if there is sufficient reason the [President of the Republic] Minister of Justice and Constitutional Development may, after consultation with the Judge President of the Court, and in accordance with section 175(2) of the Constitution, appoint an acting judge of the Court for such term as [the] that [President of the Republic] Minister shall determine[: Provided that the Minister of Justice, after consultation with the President of the Court, may make such an appointment in respect of a term not exceeding one month].”.

Insertion of section 22A in Act 22 of 1994

7. The following section is hereby inserted after section 22 of the principal Act:

“Transitional arrangements

22A. A judge of a High Court who, on the date of commencement of the Restitution of Land Rights Amendment Act, 2014, was seconded to the Land Claims Court in terms of section 26A, becomes a judge of the Court except where such a judge indicates, in writing to the Secretary of the Judicial Service Commission, that he or she does not wish to hold a concurrent appointment as a judge of the Court.”.

Repeal of section 23 of Act 22 of 1994

8. Section 23 of the principal Act is hereby repealed.

Repeal of section 26 of Act 22 of 1994

9. Section 26 of the principal Act is hereby repealed.

Repeal of section 26A of Act 22 of 1994

10. Section 26A of the principal Act is hereby repealed.

Amendment of section 38B of Act 22 of 1994

11. Section 38B of the principal Act is hereby amended by the substitution for the words preceding paragraph (a) of subsection (1) of the following words:

“(1) Notwithstanding anything to the contrary contained in this Act, any person who or the representative of any community which is entitled to claim restitution of a right in land and has lodged a claim not later than **[31 December 1998]** 30 June

(5) Wanneer die amp van Regter-president van die Hof vakant is, of wanneer die Regter-president van die Hof om enige rede tydelik nie daartoe in staat is om die werksaamhede van daardie amp te verrig nie, moet die langsdienende regter van die Hof die werksaamhede van Regter-president van die Hof verrig.

5

(6) Die Regter-president en enige ander regter van die Hof word vir 'n vaste termyn, soos deur die President ten tyde van aanstelling bepaal, aangestel en beklee die amp—

(a) totdat die termyn verstryk;

(b) tot op die datum wanneer die regter nie langer 'n regter van die Hooggeregshof is nie; of

10

(c) totdat die regter uit die Hof bedank deur skriftelik aan die President kennis te gee, wat ook al eerste geskied.

(7) Die ampstermyn, die besoldiging en die bedinge en voorwaardes van diens van toepassing op 'n regter van die Hooggeregshof ingevolge die Wet op Besoldiging en Diensvoorwaardes van Regters, 2001 (Wet No. 47 van 2001), word nie deur die aanstelling en gelyktydige ampstermyn van daardie regter wat as 'n regter van die Hof aangestel is, aangetas nie.”; en

15

(b) deur subartikel (8) deur die volgende subartikel te vervang:

20

“(8) **[Indien]** In geval van 'n vakature in die amp van Regter-president of regter van die Hof of indien daar voldoende rede bestaan, kan die **[President van die Republiek]** Minister van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling, na oorleg met die **[President]** Regter-president van die Hof, en ooreenkomstig artikel 175(2) van die Grondwet, 'n waarnemende regter van die Hof aanstel vir die termyn wat **[die President van die Republiek]** daardie Minister bepaal: **Met dien verstande dat die Minister van Justisie, na oorleg met die President van die Hof, sodanige aanstelling kan doen ten opsigte van 'n termyn van hoogstens een maand.**”.

25

30

Invoeging van artikel 22A in Wet 22 van 1994

7. Die volgende artikel word hierby na artikel 22 in die Hoofwet ingevoeg:

“Oorgangsbepalings

22A. 'n Regter van 'n Hooggeregshof wat, op die datum van inwerkingtreding van die Wysigingswet op Herstel van Grondregte, 2014, ingevolge artikel 26A na die Grondeishof gesecondeer is, word 'n regter van die Hof behalwe waar so 'n regter skriftelik aan die Sekretaris van die Regterlike Dienskommissie aandui dat hy of sy nie 'n gelyktydige aanstelling as regter van die Hof wil aanvaar nie.”.

35

Herroeping van artikel 23 van Wet 22 van 1994

40

8. Artikel 23 van die Hoofwet word hierby herroep.

Herroeping van artikel 26 van Wet 22 van 1994

9. Artikel 26 van die Hoofwet word hierby herroep.

Herroeping van artikel 26A van Wet 22 van 1994

10. Artikel 26A van die Hoofwet word hierby herroep.

45

Wysiging van artikel 38B van Wet 22 van 1994

11. Artikel 38B van die Hoofwet word hierby gewysig deur die woorde wat paragraaf (a) in subartikel (1) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

“(1) Ondanks enige andersluidende bepalinge in hierdie Wet vervat, kan 'n persoon of die verteenwoordiger van 'n gemeenskap wat geregtig is om herstel van 'n reg in grond te eis en wat 'n eis nie later nie as **[31 Desember 1998]** 30 Junie

50

2019 may apply to the Court for restitution of such right: Provided that leave of the Court to lodge such application shall first be obtained if—”.

Amendment of section 38D of Act 22 of 1994

12. Section 38D of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (2) for the words following paragraph (c) of the following words: 5
“Provided that the Court may allow a claimant or applicant, on good cause shown, to lodge such a claim or application after the expiry of such period, but not later than [31 December 1998] 30 June 2019.”.

Amendment of section 42D of Act 22 of 1994

13. Section 42D of the principal Act is hereby amended— 10
(a) by the substitution in subsection (1) for the words preceding paragraph (a) of the following words:
“(1) If the Minister is satisfied that a claimant is entitled to restitution of a right in land in terms of section 2, and that the claim for such restitution was lodged not later than [31 December 1998] 30 June 2019, 15
he or she may enter into an agreement with the parties who are interested in the claim providing for one or more of the following:”;
(b) by the insertion after subsection (1) of the following subsection:
“(1A) In considering a decision to enter into an agreement contemplated in subsection (1), the Minister shall have regard to the factors set out in section 33.”; and 20
(c) by the substitution for subsection (3) of the following subsection:
“(3) The Minister may delegate any power conferred upon him or her by subsection (1) or [section] sections 42C and 42E to the Director-General of Rural Development and Land Reform, [or any other officer 25
of the State] or to the Chief Land Claims Commissioner or a regional land claims commissioner.”.

Short title

14. This Act is called the Restitution of Land Rights Amendment Act, 2014.

2019 ingedien het, by die Hof aansoek doen om herstel van sodanige reg: Met dien verstande dat verlot van die Hof om sodanige aansoek in te dien eers verkry moet word indien—”.

Wysiging van artikel 38D van Wet 22 van 1994

12. Artikel 38D van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (2) die woorde wat op paragraaf (c) volg deur die volgende woorde te vervang: 5

“Met dien verstande dat die Hof ’n eiser of applikant, indien hy of sy goeie gronde aanvoer, kan toelaat om sodanige eis of aansoek na die verstryking van sodanige tydperk in te dien, maar nie later nie as **[31 Desember 1998]** 30 Junie 2019.”.

Wysiging van artikel 42D van Wet 22 van 1994

10

13. Artikel 42D van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

“(1) Indien die Minister oortuig is dat ’n eiser ingevolge artikel 2 geregtig is op herstel van ’n reg in grond, en die eis vir sodanige herstel nie later nie as **[31 Desember 1998]** 30 Junie 2019 ingedien is, kan hy of sy ’n ooreenkoms met die belanghebbende partye aangaan wat vir een of meer van die volgende voorsiening maak:”;

(b) deur die volgende subartikel na subartikel (1) in te voeg:

“(1A) By die oorweging van ’n besluit om ’n ooreenkoms in subartikel (1) beoog aan te gaan, moet die Minister die faktore in artikel 33 uiteengesit, in ag neem.”;

(c) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

“(3) Die Minister kan enige bevoegdheid by subartikel (1) of **[artikel]** artikels 42C en 42E aan hom of haar verleen, aan die Direkteur-generaal van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming **[of enige ander beampte van die Staat]** of aan die Hoofgrondeisekommissaris of ’n streekgrondeisekommissaris delegeer.”.

Kort titel

14. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Herstel van Grondregte, 2014.

30

